# Diversifisering en waardetoevoeging:
# 'n Huwelik uit die boonste rakke

*Deur Izak Hofmeyr*

As jy jou boerdery wil diversifiseer en soveel moontlik waarde wil toevoeg op jou plaas, is jou natuurlike hulpbronne die eerste faktor om in berekening te bring. Dit geld nie net vir die hulpbronne op jou plaas nie, maar ook vir dit wat jou omgewing bied.


*Willem en Gawie Naudé.*

In sy geval, sê Gawie Naudé van die plaas Buttermead digby Rhodes in die Oos-Kaapse berge, moet hy spesifieke voor- en nadele in gedagte hou. Aan die een kant boer hy in 'n redelik afgesonderde omgewing, maar aan die ander kant is die streek 'n gewilde toeristebestemming.

"Die toerismegeleenthede in ons streek bied goeie geleenthede, en in die jongste tyd het ons heelwat aandag begin gee aan die ontginning daarvan in die vorm van gasteverblyf en agritoerisme. Ons is juis nou besig om 'n plaashuis te omskep om hierdie geleentheid te ontgin."

## Ver van die mark af

"Die afgesonderdheid van die gebied," sê hy, "bied egter spesifieke uitdagings as jy jou vee wil bemark, veral as jy jou stoetdiere onder die aandag van kopers wil bring." Hy is egter gelukkig in die sin dat sy oupa Gawie reeds met die bekende Eduan Braunvieh-stoet begin het toe hy die eerste Braunviehs in 1935 aangekoop het en die stoet in 1936 geregistreer het. Die Naudé-naam en Braunviehbeeste is sedertdien sinoniem.

Gawie en sy Braunviehs is 'n bekende gesig op die groot landbouskoue in die land, en hy stap gereeld met die louere weg. Hoewel die Braunvieh 'n klein ras is wat getalle en telers betref, staan hulle ook meer as hul man op interraskampioenskappe.

Gawie boer tans in vennootskap met sy seun Willem op die plase Buttermead en Earlstown, en fokus spesifiek op die Braunviehstoet asook Merinoskape en miniatuurperdjies. Met die Bellrivier wat deur beide plase vloei, kan hulle redelik weidings onder besproeiing produseer. Dit maak die strawwe winters van daardie wêreld aansienlik ligter in terme van voervloei.

"Ons boer eintlik maar in 'n harde wêreld. Hier in die vallei is ons sowat 1 800m bo seevlak, en ons plase gaan tot oor 2 300m bo in die berge. Dit is suurveldgebied en in die winter is die weidings min werd. Proteïenlekke het basies die gebied oopgemaak vir winsgewende beesboerdery."

## Die stoetboerdery

Die boerdery se hoofinkomste kom uit die stoetbeeste. Sy koeikudde is tans 250 sterk. "Die implikasie van stoetboerdery is dat, as jou diere topklas is, jy met relatief min diere steeds 'n goeie omset op jou grond kan genereer. In plaas van 'n speenkalf, verkoop ek nou 'n bul op drie jaar, terwyl die stoetverse 'n besliste premie realiseer in vergelyking met kommersiële verse."

Hy sê dit kos hom tussen R20 000 en R30 000 om 'n bul veilingsgereed te kry. Daar is verseker 'n risiko aan verbonde, want afgesien daarvan dat so 'n bulletjie iets kan oorkom, speel pryse ook nie altyd saam nie. As hy egter 'n gemiddelde prys van rondom R55 000 op die veilings kry waar hy sy bulle bemark, dan klop die somme.

Die ander voordeel van stoetteling is dat hy sy eie bulle teel, wat ook 'n geweldige kostebesparing meebring. "Ek koop wel van tyd tot tyd 'n bul in om ons genetika te verbreed, maar die Braunvieh-genepoel in die land is relatief klein. Gevolglik kyk ons op die oomblik ernstig daarna om genetika van elders in te voer. Die probleem is egter dat ons waarskynlik die wêreldleiers is ten opsigte van vleisgeoriënteerde Braunviehs.



*Hoog in die berge.*

"Europa konsentreer byna uitsluitlik op 'n dubbeldoeltipe en die vleisbulle wat daar wel is, hou nie kers vas by ons plaaslike gehalte nie. Ek hanteer tans seker 'n goeie tien navrae van ander dele van die wêreld wat belangstel om semen daarheen uit te voer. Ons plaaslike genetika is in wêreldterme eintlik uniek. Om dus die tipe gehalte genetika in te voer wat ons nie gaan laat agteruitboer nie, is moeilik."

## Voordele van die Braunvieh

Hoewel die Braunvieh bekend is as 'n groterraambees, is Gawie se koeie verrassend klein. Hy probeer sy koeie op so 450 tot 500kg hou. Groter as dit raak die dier se onderhoudsbehoefte net te hoog, sê hy.

Prestasietoetsing is 'n kritiese element van sy seleksie. Speenmassa, groei en voeromset is vir hom baie belangrike syfers. Hy het tevore aan Fase C-toetse deelgeneem, maar deesdae doen hy Fase D-toetse op die plaas. Dit is die eerste seleksiekriterium vir sy bulletjies en dit sal slegs by groot uitsondering wees dat hy 'n bul mark toe neem met 'n indeks van onder 100.

Tussenkalfperiode (TKP) is ook vir hom 'n baie belangrike syfer, omdat dit 'n invloed op die koei se leeftydproduksie het. Omdat hy 'n vaste teelseisoen volg, is dit belangrik dat die koei in die tyd by die bul, weer in kalf kom. As haar TKP te lank is, gaan sy nie dragtig raak nie en uitgeskot word.

"Met stoetteling kom die hele kwessie van bloedlyne egter ook in en dít, wat my betref, is die kuns van stoetteling – om produksie en genetika met mekaar te trou. Jy wil goeie bloedlyne en goeie individue kombineer en sodoende 'n meerderwaardige dier produseer ten opsigte van konformasie en produksie. As jy dan nog erfdwang ook in die prentjie bring, is my mikpunt dat ten minste 60% van 'n koei se kalwers bogemiddeld moet wees. Dis uit hierdie koeie dat ek my bulmoeders selekteer."

Nog 'n syfer wat vir Gawie belangrik is, is die koei-kalf-speenverhouding. Dit dui op die koei se doeltreffendheid as bydraer tot die per-hektaar opbrengs op die plaas. Dit hang baie van die jaar af, maar sy gemiddeld op sy bulkalwers is net onder 58% en dié vir die verskalwers rondom 55%.

Daar is tans 'n groeiende tendens na swaarder karkasse in die mark. Dit, sê Gawie, is baie goeie nuus vir die Braunvieh. Hy vind dat hy 'n premie begin kry op sy speenkalwers, juis omdat voerkraaloperateurs begin kyk na diere wat potensiaal toon vir 'n swaarder karkas, maar sonder die risiko van meer vet.

## Goeie skaapvoeding

Dieselfde innovasie in voeding wat beesboerdery in die omgewing so 'n hupstoot gegee het, het die skaapboerdery ook op 'n totaal ander vlak gesit, vertel hy.

"Ek onthou hoe ons in my pa se tyd gesukkel het om ons tweetand-ooitjies by 35kg te kry sodat hulle gedek kon word. Vandag speen ek my lammers op drie maande teen 35kg. Dit is doodgewoon as gevolg van voeding en genetika. Ons teel 'n skaap wat beter aangepas is, maar die groenvoer en goeie kruipvoer help ook."

Gawie is 'n groot voorstander van kruipvoer, ten spyte van die ekstra koste daaraan verbonde. Nie alleen groei die lam beter nie, maar die ooi bly ook in beter kondisie omdat die lam minder suip, wat weer herbesetting aansienlik verbeter.

Omdat vleis so 'n belangrike faktor is, het Gawie wegbeweeg van suiwer Merino's en gebruik hy soms ook Dohne-ramme. In die proses wen hy redelik aan vleis sonder om woleienskappe in te boet.




*Die twee beeste wat Gawie (regs in die foto) in 2018 na die Royal-skou geneem het, en wat vier van die agt groot pryse gewen het: Eduan Jumbo's Pollux 1415 en Eduan Mani's Sally N1602.*

"Vanjaar het ek byvoorbeeld my jong ooitjies op vyf maande geskeer en gemiddeld 2,5kg wol van hulle afgehaal. Ons kudde bestaan tans uit ongeveer 700 ooie en ons beleid is om eerder minder diere, maar goeie gehalte, aan te hou en hulle dan so goed as moontlik te versorg."

Seleksie van sy ooie berus hoofsaaklik op vrugbaarheid. As 'n ooi oorslaan, of nie haar lam ordentlik grootmaak nie, word sy uitgeskot. "Ons klas ons jong ooitjies op twaalf maande op grond van bouvorm en wolgehalte (tussen 19 en 20 mikron met 'n goeie stapel en goeie olievloei), en dan weer op 18 maande. As 'n ooi egter 'n lam goed grootgemaak het, kan dit haar wolgehalte beïnvloed. Dus probeer ek om nie die ooitjies op wol te klas ná hulle begin produseer nie."

Wat sy ramseleksie betref, sê Gawie, selekteer hulle eerstens op bouvorm – goeie vleiseienskappe – en uit daardie groep sal hulle dan die individue met die beter woleienskappe uithaal.

## 'n Perd van 'n ander kleur

Die miniatuurperdjies het op die plaas beland toe Gawie vir Willem as jong seuntjie 'n perdjie aangeskaf het. Die merrie, Penny, is nou al byna 36 jaar oud, maar sy is steeds op die plaas.

"Mettertyd het nog perdjies bygekom en vullens gekry. Toe ek hulle begin verkoop, het ek besef dat daar 'n spesifieke mark vir miniatuurperdjies is. Omdat hulle weipatrone eintlik die bees en skaap baie goed aanvul, het ek besluit om die kudde groter te maak en te kyk of dit nie 'n ekonomiese faset van die boerdery kan word nie."

Hoewel die miniatuurperdmark baie klein is, sê Gawie, kos die perde hom baie min. Hulle realiseer tans 'n klein maar waardevolle inkomste vir die boerdery.

"In terme van hulle kosbehoefte, eet 'n miniatuurperdjie omtrent dieselfde hoeveelheid as 'n Merinoskaap, maar hulle onderhoudskoste is aansienlik laer. Hulle sorg eintlik vir hulself. Verder verkoop ons die speenvullens op ongeveer ses maande teen 'n gemiddeld van R5 000 en die volwasse merries vir 'n minimum van R10 000. Ons goeie hingste verkoop ons nie vir onder R20 000 nie. Ons het selfs al R50 000 vir een gekry. As jy dit met die skaap en bees vergelyk, is dit eintlik 'n mooi prentjie."



*Die ingevoerde hingsie, Nirvanas Vindicator, staan slegs 80cm hoog.*

Seleksie berus op drie eienskappe, naamlik beweging, konformasie en kleur. "Op die oomblik is die Appaloosa-kolle hoog in die mode, maar palomino, geel en cremello is ook baie gewild. Die lekker ding van die perde is dat jy eintlik nooit weet watter kleur jy in 'n vul gaan kry nie. Daardie verrassingselement maak dit baie interessant."

Die Naudés het 'n klompie jare gelede 'n besonder goeie hingsie uit Texas ingevoer, en daardie hings het 'n baie groot invloed op die kudde gehad. Sy nageslag, sê Gawie, pas presies in by hulle telingsmikpunt, naamlik 'n fyn perdjie met die bouvorm van 'n perd, nie 'n ponie nie. "As jy dus 'n foto van 'n miniatuurtjie en 'n groot perd langs mekaar plaas, moet albei dieselfde eienskappe toon."

## Weidingsbestuur

Ten spyte van al die spesies op die plaas, boer die Naudés in die eerste plek met gras. "Daarsonder is ons produksie verlore."

Hoewel die verskillende dierespesies se weigewoontes mekaar redelik komplementeer, probeer Gawie soveel moontlik sy bees- en skaapveld apart hou. Hy maak gebruik van 'n rotasiestelsel sodat elke kamp voldoende rusperiodes kry, die plante ordentlik kan saadskiet en wortelontwikkeling kan plaasvind.

"Weidingsbestuur in die winter is nogal 'n uitdaging, omdat sekere kampe in die berge doodgewoon nie benut kan word nie. Die kranse en klipplate ys, en ons het al skade gehad met diere wat op die ys gly en dan by die kranse afval. Die koue op sigself is gelukkig nie 'n faktor nie. Hoewel dit bitter koud kan word, is daar altyd skuiling in die berge. Dit gebeur dus min dat ons skade het spesifiek as gevolg van die koue."

Hy maak deesdae ook van 'n drukbeweidingstrategie gebruik, wat veroorsaak dat dit al minder noodsaaklik word om te brand om die suurveld in bedwang te hou. Hy vind dat hierdie strategie 'n groot invloed het op die organiese materiaal op die grond. Dit het weer 'n positiewe invloed op die veldgehalte, omdat daar beter vogindringing is en erosie aansienlik beperk word.

"Omdat ons kan besproei, plant ons wintergroenvoer, maar ek probeer reeds voor die winter genoeg beskikbaar te hê sodat ek eers die diere wat bemark moet word, daarop kan afrond. Ná die winter lam ons die ooie ook op die groenvoerlande. Ek probeer om ten minste 'n derde van ons lande onder lusern te hê. Ons baal dit dan as 'n voerbank, en die hergroei word as winterweidings en ook vroeë lenteweidings gebruik."

Gawie plant ook 'n multispesieweiding bestaande uit rooi- en witklawer, kropaar-, rog- en langswenkgras. Hoewel die mengsel baie water nodig het, is die produksie uitstekend. Hy beplan om soveel as moontlik van sy lande onder hierdie mengsel te vestig. VP

Vir meer inligting, kontak Gawie Naudé by 082 897 9555.